Donderdag **16 Oktober**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-4**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 1:2**

## God het met ons gepraat deur sy Seun

Waarop fokus jy wanneer jy moedeloos is? God het nie die wêreld geskep en laat vaar nie, Hy is en was nog altyd en sal altyd betrokke bly. Hy sê Wie Hy is en wat Hy doen.

God het geskep deur te praat. Hy het sy verbond met Abraham gesluit. Hy het sy volk uit Egipte gelei deur Moses, en sy wet gegee. Deur sy boodskappers, die profete, het Hy aangehou om te praat. Hy het vir sy boodskappers op verskillende maniere gesê wat sy wil is, en hulle het dit aan sy volk oorgedra.

In die Ou Testament het Hy in dele gepraat – die volheid van sy openbaring het in ons Here Jesus gekom. Die eindtyd is die tyd tussen Jesus se eerste koms en sy wederkoms. God het in hierdie tyd met ons gepraat. Daar is nie iets meer wat bygevoeg moet word nie.

Beteken dit dat ons net die Evangelies lees? Nee, in die Ou Testament kry ons God se beloftes van redding. In die Evangelies sien ons dat Jesus die vervulling van hierdie beloftes is. In Handelinge sien ons hoe die Here deur sy Gees sy kerk op aarde vestig. In die briewe van die Nuwe Testament word ons geleer wat ons Here vir ons gedoen het en hoe ons in die lig daarvan moet lewe. In Openbaring word ons getroos dat Hy weer kom en dat ons ewig saam met Hom gaan lewe.

Is jy moedeloos? Fokus op die Here Jesus! Hy leer ons Wie God is. Hy is ons Verlosser en Koning. Hy wys dat God altyd in ons lewens besig is.

*Sing: Psalm 46-1:1, 4, 6*

*Ds. GP (Gerrie) van Rhyn (Komatipoort)*